# DELMAS STADSRAAD TOWN COUNCIL

6, Delmas 2210
(0157) — 2211
(0157) — 2913

SUBMISSION TO THE COMMISSION ON REGIONS
REF: 1/11/ 11 / 8

Navrae
Enquiries H L DE HART

Verwysing
Reference 2/
12/2/2/2

14 JUNIE 1993

Die Voorsitter
Kommissie vir Grensafbakening
Posbus 307
Faks 011-397 2105
ISANDO
1600

Meneer

**INDELING VAN DELMAS LANDDROSDISTRIK BY VOORGESTELDE STREEKREGERING VIR OOS-TRANSVAAL**

Hierdie Stadsraad het onlangs by die Departement Streek- en Grondsake aansoek gedoen vir die herindeling van die Delmas Landdrosdistrik van Ontwikkelingstreek H na Ontwikkelingstreek F. Onderstaande is 'n uiteensetting van die motiverings waarop die betrokke aansoek berus.

1. Delmas is 'n plattelandse landbou distrik op die grens tussen Streek H en Streek F. Streek H bestaan hoofsaaklik uit groot stedelike gebiede wat uiteraard nie altyd begrip het vir eiesoortige plattelandse en landbou probleme nie. Streek F se samestelling stem grootliks ooreen met die van Delmas en is Delmas se probleme eiesoortig aan die van Streek F.

2. Hierdie Stadsraad het tans geen of baie min skakeling met ander dorpe en stede in Streek H aangesien Delmas as gevolg van sy plattelandse aard reeds by die Oosvaal Streeksdiensteraad ingedeel is. Voorts is Delmas ook ingedeel by die Vospostreek van die Transvaalse Munisipale Vereniging. Beide VOSPO en die Oosvaal Streeksdiensteraad is geleë in Streek F.

3. As gevolg van Delmas se ligging en aanklank by Streek F was daar in elk geval die afgelope jare met die SOAK Streek F sowel as met die Oos Transvaalse Gesamentlike Koördinerende Sentrum skakeling gewees. Dit is dus logies dat hierdie informele skakeling nou formeel gereël behoort te word.

8/1

Op ontvangs van 'n skriftelike versoek binne sewe dae na die datum van hierdie brief, sal 'n soortgelyke brief in die ander amptelike taal aan u gerig word.

On receipt of a written request made within seven days after the date of this letter, a similar letter in the other official language will be addressed to you.

4. Opsommend word die mening gehuldig dat Delmas as plattelandse dorp 'n baie klein vissie in die stedelike see van Streek H is en nog meer so in die toekoms sal wees. Ten einde te verhoed dat Delmas in die vergetelheid van Streek H sal verdwyn, is aansoek gedoen vir die herindeling.

Gesien in die lig van bostaande word dit wenslik geag dat die Delmas Landdrosdistrik ook ingereken sal word by die Oos-Transvaalstreek wanneer grensafbakening vir streekregering in die Nuwe Suid-Afrika geskied.

Enige verdere inligting sal met graagte verskaf word.

Die uwe

J LUWES PR SK
UITVOERENDE HOOF/STADSKLERK

/hmo

- end -

B/2